PERSVERKLARING

# HESSEQUA MUNISIPALITEIT

Kontak:
Munisipale Bestuurder
Mnr. Johan Jacobs
mm@hessequa.gov.za
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING
22 Julie 2020



**Geagte inwoners**

Die Corona virus is ‘n werklikheid. Alle inwoners van Hessequa, sowel as ons besoekers word versoek om die pandemie as ernstig te beskou. Ons begin nou meer ervaar dat die virus nie net ‘n statistiek op papier is nie maar dat ons familie, vriende en kollegas ook met die virus positief gediagnoseer word.
Ek is uiters bekommerd oor die toenemende aantal Covid-19 gevalle in die Hessequa munisipale gebied.

Wanneer ons na ons daaglikse statistiek kyk en aanskou hoe Covid-19 gevalle in ons munisipale gebied toeneem, wys dit dat ons inwoners van die groter Hessequa nie almal saam werk teen die pandemie nie.

As Burgemeester van Hessequa Munisipaliteit versoek ek graag elke inwoner om hul gedragspatroon teenoor die pandemie te verander. Dit is dus belangrik dat ons almal saamwerk om die verspreiding van hierdie virus te bekamp. Hiermee wil ek dus die volgende higiëniese wenke met u deel:

1. Was jou hande vir ten minste 20 sekondes gereeld met seep of alkohol-basis handwas produkte
2. Behou ‘n persoonlike afstand van ten minste 1,5 meter
3. Dra ’n gesigmasker ten alle tye

Moet asseblief nie dat ons kinders onnodig die perseel verlaat nie, hou hul tuis en neem verantwoordelikheid vir jou gesin se gesondheid en vir hul veiligheid.

Hessequa Munisipaliteit is tot die uitwissing van die Corona virus verbind. Ons sal alle moontlike stappe neem om die regering te ondersteun, om ons gemeenskappe veilig te hou. Wees verseker dat die munisipaliteit ons gemeenskappe se belange en veiligheid eerste stel.

Groete

**Grant Riddles**
**Uitvoerende Burgemeester**

EINDIG

Uitgereik deur
Me D Budricks
Skakelbeampte
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000
E-pos: didi@hessequa.gov.za of marina@hessequa.gov.za